REEKS: 7C's...

KLEINGROEP ONTMOETING 5

#5C = Communication

A: KOFFIE

Elkeen kry 'n koppie koffie in die hand – deel met mekaar hoe julle dag/week was.

B: GEBED

Iemand wat bereid is, kan met 'n kort gebed open.

C: VIDEO-GREEP

Kyk saam na die volgende 15 min Tedx talk oor: *The power of listening*: https://www.youtube.com/watch?v=saXfavo1OQo

D: WANDEL IN DIE WOORD

Teks gedeelte: Jakobus 1:19-27

19My liewe broers, dít moet julle in gedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie. 20'n Mens wat kwaad word, doen nie wat voor God reg is nie. 21Daarom moet julle al die sedelike vuilheid en ongeregtigheid opruim wat so welig tier, en ootmoedig die woord aanneem wat God in julle geplant het, want dié woord kan julle red. 22Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself.

26As iemand dink hy is godsdienstig, maar hy hou nie sy tong in toom nie, bedrieg hy homself. Sy godsdiens is waardeloos.

Nog teksgedeeltes:

Efs 4:25&29; Spr 15:1; Spr 12:22 Luk 6:45, Mat 12:36-37

E: GESELS SAAM

Maak beurte in die groep om oor 1 of meer van die volgende te gesels:

1. Hoekom is dit vir ons makliker om te praat as om te luister?
2. Hoekom moet ons eers luister voor ons te gou praat?
3. Wat gebeur as jy kwaad raak tydens 'n gesprek?
4. Hoekom is betroubaarheid belangrik vir goeie kommunikasie?
5. Hoe kan jy ander mense opbou deur wat jy sê?
6. Hoe kan jy seker maak dat dit wat in jou hart leef *"goeie dinge"* is?

F: UITDAGING VIR DIE WEEK

Groep besluit self op 'n aktiwiteit om hierdie week se boodskap prakties uit te leef.

Voorbeelde: Maak 'n lys van praktiese kommunikasie vaardighede wat jou kan help in jou verhoudings (bv. tel tot tien voor jy iemand antwoord wat jou kwaad maak). Deel die lys volgende week met jou kleingroep en vra hulle om jou te help daarmee. Luister na die volgende lied ***Met my hart*** van Retief Burger. Maak dit jou temalied vir die week: https://www.youtube.com/watch?app=desktop&v=pwbgYFsBRPA&list=PLjF69cmKAdGAtXesqX7_Ru827T3bSJexg&index=6

G: GEBED & SAAMKUIER

Vra vir spesifieke gebedsversoeke. Gee geleentheid vir gebed.
Kuier nog bietjie saam ☺

REEKS: 7C's...

KLEINGROEP ONTMOETING 5

#5C = Communication GESPREKSRIGLYNE

(Ds Cor Swart)

ONTHOU…

Die volgende riglyne kan help om moeilike vrae in die gesprek te hanteer asook om saam te groei in ons geloof en verstaan van God:

Die opskrif van die teks in Jakobus wat ons saam gelees het, is nie verniet *Hoor en doen* nie (sien spesifiek vers 22). Kommunikasie is net suksesvol indien daar gehoor word (luister), verstaan word en dan aksie geneem word (doen). Die resep is baie eenvoudig: luister → verstaan → doen.

Jakobus sê baie mooi waarna geluister moet word: na die ***woord*** wat God in ons geplant het (vers 21). Om reg in die spieël van die woord te kyk is om ons te verdiep in die volmaakte wet (vers 25). Dan kan ons sien wie God werklik is, sowel as ons eie lewe beoordeel.

Wanneer God se woord ons aanraak gebeur daar iets met ons:

- Ons mond – jy kan jou tong in toom hou (vers 26) en praat nie te gou nie (vers 19).
- Ons ore – jy leer om te luister (vers 19) en hoor die noodkrete van weeskinders en weduwees (vers 27)
- Ons emosies – ons raak nie te gou kwaad nie (vers 19) en ons weet dat 'n sagte woord die woede laat bedaar (Spreuke 15:1)
- Ons hart – ons hou ons skoon van besmetting van die wêreld (vers 27)
- Ons liggaam – ons weerhou ons van sedelike vuilheid en ongeregtigheid (vers 21)
- Ons hande – ons help die weerloses en die wat uitgelewer is (vers 27)

'n Ander belangrike aspek van kommunikasie is **betroubaarheid.** In Spreuke 12:12 lees ons: *Die Here het 'n afsku van leuenaars; Hy hou van betroubare mense.* Betroubare mense praat die waarheid (Efs 4:25).

Verder moet kommunikasie gebruik word om **mekaar op te bou** (dus positief wees): *Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom. (Efs 4:29)*

Ons kan egter net dit kommunikeer wat ons **harte leef**: *Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart, en die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.* (Luk 6:45) Daarom is die woord wat God in ons ingeplant het en waarin ons onsself verdiep so belangrik om ons hele lewe (en ook ons kommunikasie) te rig.

Met kommunikasie onthou altyd – jy het twee ore en een mond gekry. *Wees gewillig om te luister en moet nie te gou praat nie!*